

2 Korintiërs 13:5-14 ? 12 tot 18 Junie 2011

- Begin met die vraag: "Wat het met jou gebeur sedert ons laas bymekaar was"?
- Laat elkeen sy storie vertel . So bou ons aan ons vriendskap met mekaar.

RUS

God nooi ons uit om tot rus te kom voor Hom. Ons is in die Pinkstertyd. Gee geleentheid vir elkeen om in stilte na te dink oor wat die koms van die Heilige Gees nou vir hom of haar beteken. Open met gebed.

HOOR

- Lees 2 Korintiërs 13:5-14 en laat elkeen 'n paar minute neem om na te dink oor wat hulle in die teks tref.
- Deel met mekaar wat julle tref, sonder om mekaar te onderbreek of te korrigeer.
- Lees die volgende inset en vertel vir mekaar wat jou help met 'n bewussyn van God te leef:

Prof Patrick Keifert vertel in sy boek, *Ons is nou hier* (bl 53ev), hoedat navorsing oor gelowiges se verstaan van God hom verras het:

Lidmate beskryf hulle lewe selde met God as die Onderwerp ? die "doener" ? van werkwoorde. Hulle beskryf byvoorbeeld aanbidding as iets wat "ons" of wat "ek" doen: "Ek aanbid die Here." "Ek het deel aan die gemeenskap van die gelowiges." "Ons sing en bid saam." In verreweg die meeste gevalle beskryf kerklidmate God eerder as die voorwerp van menslike handeling. Bitter selde het ons gehoor dat Góð aan die werk is in die gemeente se byeenkomste en bedrywighede, en nog minder in die buurt of breër gemeenskap.

Wanneer ons die bewussyn van God se teenwoordigheid verloor, word ons eintlik praktiese ateïste, sê Keifert. Niemand sal ontken dat God handelend optree nie. Trouens, mense protesteer heftig wanneer jy daarop wys dat God uiters selde of nooit in hulle vertellings as die "Doener" funksioneer. Mense sal sê hulle glo wel dat God dinge laat gebeur. En hulle glo dit natuurlik rasioneel. God as die primêre hoofspeler, wat teenwoordig is, en mense voortdurend in gemeenskap innooi en saam met mense leef, is net nie hoe hulle prakties oor God dink nie. Juis daarom leef baie gelowiges as praktiese ateïste. God is daar, maar in my bewussyn en in "my" wêreld is God nie aktief nie.

Keifert vervolg:

Talle lidmate en leiers dink eerder aan God as die Een wat alles geskep het en dit nou op 'n afstand dophou of by geleentheid wel in die geskiedenis ingryp, maar nie as die Een wat steeds voortgaan om 'n wêreld te skep en intiem daarby betrokke is nie. Baie verlang wel na 'n God wat naby is ... maar dan vereng hulle hierdie God-wat-naby-is tot slegs een Persoon van die Drie-eenheid: Jesus.

LEEF

- Wat beteken dié teks vir ons gemeente en ons gemeenskap vandag?
- Wat vra dit van julle groep ? en wat vra dit van jou persoonlik?
- Antwoord die Here in gebed.
- Volgende week ? Matteus 10:40-42